# Vanaf die Waaksaamheidskomitee

**JUNIE 2023**

## AFGELOPE 2022 SINODE

1. Lede verkies op die Waaksaamheidskomitee:
   - Werknemerlede: Di. HSW Strauss, JL Schütte en prof. IA Brink
   - Werkgewerlede: Mnre. SCW van Schalkwyk, T Greyling en GJJ van Rensburg
   - Voorsitter is prof. IA Brink
   - Sekretaris is mnr. GJJ van Rensburg

2. Sinodebesluit

   Handelinge van die Sestiende Sinode 2022 bl. 410 pt. 1.5.3:

   'Die Sinode herinner Kerkrade en leraars aan die reëls van die pensioenfonds ten opsigte van voortsetting van diens ná die normale aftree-ouderdom van 65 jaar bereik is, wat bepaal dat daar jaarliks deur die werkgewer toestemming tot verlengde diens verleen moet word. Hierdie toestemming moet skriftelik met die Gemeenskaplike Kerkkantoor gekommunikeer word.'

## PRAKTIESE WENKE VIR U TESTAMENT
## (Min van ons kom betyds met boedelbereddering in kontak)

- Maak seker dat voldoende kontant betyds vir u langslewende eenkant toe geskuif word wanneer u te sterwe kom.
- Maak seker dat sessies op polisse waarvan die skulde lankal gedelg is, gekanselleer is. Dit hou uitbetaling en die boedelberedddering terug en daar is nie verdienste nie op uitkeerbedrae nadat kennis vir uitkering gegee is.
- Maak seker van die eksekuteur in u testament benoem se lojaliteite. Hierdie lojaliteite speel uit in koste en beredderingstyd.
- Dienslewering deur die Meesterskantoor en finansiële instellings kan nie meer op gepeil word nie en kan finansiële uitdagings vir die langslewende inhou indien daar nie vir ten minste 'n jaar vir oorlewing buite die boedel voorsien is nie.
- Maak seker dat u erfgename benoem is op die voorgeskrewe vorm deur elke instelling voorsien. As dit nie is nie, neem dit onnodige tyd van die eksekuteur in beslag om verklarings af te lê ten einde uitbetalings of opbrengsverdelings te kan realiseer by instellings.
- Die erfgename moet seker maak dat die eksekuteur of agent wie u boedel beredder, die boedelbankrekening by 'n betroubare finansiële instelling open in 'n effektiewe spaarrrekeing. Lopende rekeninge verdien geen rente nie en die boedelkapitaal kan vir 'n redelike tyd in so 'n rekening verkeer totdat die boedel gefinaliseer en kapitaal uitbetaal is aan die erfgename.



ACRAVEST